
# 209 Jesus hou my by die kruis




Na die kruis wend ek my eens
vir u heil en lewe;
daar het U my siel gered;
rig na U my strewe!

***R.*** *In die kruis, in die kruis,*
*sal ek roem vir ewig;*
*tot my siel eens daar sal rus,*
*waar ons ewig lewe.*

Hou die kruis, o Lam van God,
nou vir altyd voor my;
leer my wandel dag na dag
met sy skadu oor my. ***R.***

By die kruis neem ek my stand,
wagtend met vertroue,
tot geloof aan hemelstrand
oorgaan tot aanskoue. ***R.***

Frances J. van Alstyne (1820-1915)    W.H. Doane (1832-1915)